


PRO



VERITATE

A TASTE OF POWER

PETER RANDALL



SPRO-CAS

OKTOBER 1973

By die poskantoor
as nuusblad ingeskryf

BAIE VRAE - EEN ANTWOORD

Iets onstellends gebeur op die oomblik in Suid-Afrika, maar omdat 'n mens deur die Suid-Afrikaanse lewenswyse beïnvloed is om so min as moontlik krities te dink, besef jy nie altyd wat aan die gang is nie. Waarom wil die regering *persvryheid* aan bande lê? Waarom is dit nodig dat mense *doodgeskiet* word as daar betogings, oproer en ontevredenheid oor arbeidsprobleme by 'n myn is, terwyl vakbonde, die reg tot staking, ens., van byvoorbeeld mynwerkers weerhou word? Waarom gee die eerste minister 'n uitspraak wat die indruk skep dat hy finaal sal bepaal wat die *lewenswyse van die kerk van Christus* sal wees toe hy onlangs bv. gesê het dat hy sal toesien dat die kerk die apartheidspatroun sal volg? Hoe is dit moontlik dat die regering *die normale regsprosedure ter syde stel* en in die geheim sekere organisasies en persone „ondersoek” en vervolg? Hoekom word mense sonder meer sonder verhoor ingeperk, gedeporteer of vervolg deur bv. die konfiskasie van paspoorte? Waarom is Christene en kerkmense, soos Beyers Naudé en Brian Brown se paspoorte afgeneem?

FASCISME?

Veel lig gaan vir 'n mens op as jy Suid-Afrika met die Fascisme vergelyk. Die Fascisme is daardie stelsel wat glo dat die staat die uitgangspunt van alles is. Alles moet uit, deur en tot die staat wees. 'n Volk of volkere („veelvolkigheid”) word dan ook deur die staat geskep of gevorm. Die staat moet selfs die reg vir die volk(ere) skep. Die regeerder *dien* dan nie meer nie, maar *heers* oor staat en volk. Hy word dan noodwendig 'n diktator omdat sy wil staatswil word. Die belangrikste kenmerk van so 'n regering is dat hy arbitrêr deur mag en dwang regeer en so 'n magsorganisasie word. In so 'n staat wil die regering dan ook die onderwys en die massakommunikasie-middele soos die radio, televisie en pers volkome beheer. Is dit nie wat in Suid-Afrika gebeur nie?

Hieruit vloei logies voort dat alles wat teen die wil van die regeerder is as staatsgevaarlik en subversief beskou word. Vryheid word nou as 'n toegewing van die staat beskou en nie as 'n normale toestand nie. Omdat Fascisme 'n *magstaat* vorm, word polisie-geweld en militêre kragvertoon verheerlik. Is dit nie wat in Suid-Afrika gebeur nie?

In 'n fascistiese staat word die regering as allesomvattend en totalitêr gesien. Niks val buite sy mag en gesag nie en hy bepaal alles volgens sy norme, of dit goed of slegs is. Só word die staat en die regering daarvan as die sin, die orde en die doel van die samelewing, en uiteindelik die voorwaarde van alle menslike bestaan gesien. Dit behartig alle belange van die mense en bepaal alle norme ook vir die gewete. Hy maak wette, of dit Christelik verantwoord is of nie, en as iemand sou waag om dit op grond van sy Christelike gewete te weerstaan, word hy as 'n „misdadiger” met 'n kriminele klag van wetsverbreker teen hom afgemaak. Is dit nie wat in Suid-Afrika gebeur nie?

Die mag en regering van 'n fascistiese staat is nie net

MANY QUESTIONS - ONE ANSWER

Something disturbing is happening at the moment in South Africa but because we are conditioned by our South African way of life to give but scant critical consideration to public affairs, we do not always realize what is going on. Why does the Government wish to curb the *freedom of the press*? On a mine there were demonstrations, riots and dissatisfaction over labour problems; at the same time trade union organization and the right to strike were withheld from the miners. Why in these circumstances was it necessary to *shoot to kill*? Why did the Prime Minister make a statement which created the impression that he would finally determine what *the way of life of the Church of Christ* should be as he did recently in saying that he would ensure that the Church observed the pattern of apartheid? How can it be possible for the Government to *set aside the normal procedure of the law* and direct that certain organizations and persons be 'investigated' in secret and thereafter prosecuted? Why are people summarily banned without trial, deported or persecuted, e.g. by the confiscation of passports? Why are Christians and churchmen such as Beyers Naudé and Brian Brown, deprived of their *passports*?

FASCISM?

A comparison of South Africa with Fascism proves most illuminating. Fascism is that system ... who believes that the state is the starting point of everything. Everything must flow from the state, through the state and to the state. A nation or a people (multi-racialism) is then also created or formed by the state. The state itself must create the fundamental rights of the people or peoples. The head of state then no longer *serves*; he *controls* both state and people. Inevitably he becomes a dictator because his will is the will of the state. The most important characteristic of such a government is that it governs arbitrarily by authoritarian methods and coercion and so becomes a power structure. In such a state the government also assumes complete control of education and the media of mass communication, such as radio, television and the press. Is this not what is happening in South Africa to-day?

From this it follows logically that everything opposed to the will of the head of state is regarded as subversive and a danger to the state. Freedom is now regarded as a concession from the state, and not as a normal condition. Because fascism forms a *power-state*, police violence and the display of military strength are lauded. Is this not what is happening in South Africa to-day?

In a fascist state the government is seen as all-embracing and totalitarian. Nothing falls outside its power and authority; it determines everything, according to its own standards, be they good or bad. In this way the state and its government are seen as the meaning, the order and the purpose of society; and ultimately the very condition of all human existence. It promotes the interests of the people, and it defines the

territoriaal, militêr en kommersieel ingestel nie, maar ook sedelik en geestelik. Gevolglik moet *alles* verenig en aan die outoritêre, koöperatiewe staat onderwerp word soos 'n bondel saamgebinde stokkies of roedes (fasces), waarvan die woord fascisme in Latyn afgelei is.

So 'n stelsel is dan ook religieus, maar dit bepaal ten diepste sy eie religieusiteit. Hy aanvaar die formele waarheid as rigsnoer vir sy daad, maar maak die inhoudelike waarheid fundamenteel van homself afhanklik. 'n Tipiese voorbeeld daarvan is bv. as iemand sou sê dat liefde sy formele maatstaf is en dan sê dat die inhoud van liefde ook apartheid insluit, of die swartman daarmee saamstem, of nie. Sy religie sluit ook vryheid in, maar die individu is vry slegs solank hy aan die regering wil gebonde is. Elkeen is selfstandig solank as die regering wil of -beleid sy stand bepaal. Hy laat die kerk, wat met die regering se beleid en praktyk ooreenstem, vry. Die hoofsaak waarom dit uiteindelik gaan, is nie of die regering *reg of verkeerd, goed of sleg* is nie, maar of sy beleid *slaag of nie*. Is dit nie wat in Suid-Afrika gebeur nie?

'n Fascistiese en totalitaristiese regering word ten diepste nie deur 'n demokrasie stelsel verhinder nie. Al sou die meerderheid mense, (wat in elk geval nie in Suid-Afrika gebeur nie), die regering op 'n demokratiese wyse verkies, kan die regering wat só aan bewind geplaas word, trekke van fascisme en totalitarisme openbaar in sy regeringstydperk.

DIE KERK SE POLITIEKE TAAK

Wat is die taak van 'n Christen in so 'n situasie? Christus is Heer van die mens se hele lewe, ook sy politieke lewe en daarom het die kerk (die gelowiges in gemeenskap) ook alles met die politiek te doen (Kol. 1:16-18; Efes. 1:10). Indien 'n regering dan afwyk van die evangelie, moet hy in woord en daad weerstaan word en na Christus teruggeroep word.

Talle mense in Suid-Afrika sal sê dat dit nie die kerk of Christene se taak is om hulle só met die politiek te bemoei nie. Dit kan vanuit die evangelie, die teologie en die geskiedenis bewys word dat dit wel deeglik die taak van die Christen en die kerk is. Paul Knitter het bv. gesê: „'n Teologie wat nie 'politiek' is nie, dit wil sê, wat geen-positiewe of negatiewe-standpunt tot die huidige sosio-politieke werklikheid inneem nie, misluk in sy eintlike opdrag” (Evangelische Theologie, März/April '73, „Theologie und Ideologie”).

Hier is dit vir eers genoegsaam om sekere stelling van prof. Hennie Rossouw van Stellenbosch, wat hy op die jeugkongres van die Kaaplandse Nasionale Party op Oudtshoorn gemaak het, aan te haal:

„Daar is mense wat in beginsel sê dat die Christelike godsdiens niks met die politieke praktyk te make het nie, omdat die politiek op die openbare lewe en die tydelike betrekking het, die godsdiens op die innerlike vroomheid en die ewige lewe.

So 'n opvatting maak van die godsdiens 'n introverte saligheidsbedryf sonder enige sosiale of politieke implikasies en konsekwensies. Dit maak van die politieke werklikheid 'n suiwer sekulêre aangeleentheid wat geheel buite die mens se relasie tot God te staan kom.

Dit moet bestry word, want die mens is 'n eenheid, en daar kan geen waterdigte skeiding tussen innerlik en

norms of conscience. It makes the laws whether in terms of Christian responsibility or not, and if a person refuses to comply on the grounds of Christian conscience, he becomes a 'criminal', and a criminal charge is brought against him as a 'law-breaker'. Is this not what is happening in South Africa to-day?

In a fascist state control and the government itself are established not merely in the territorial, military and commercial spheres, but also in the moral and spiritual spheres. Consequently *everything* must be uniform, and subjected to the authoritarian, co-operative state, like a bundle of rods or sticks tied together. (Cf. Latin 'fasces' from which the word 'fascism' derives.)

Such a system is then also religious, but in depth it determines its own religiosity. It assumes formal truth to serve as a guide-line for its actions but it makes the content of that truth basically dependent on itself. A typical example of this occurs when someone says that 'love' constitutes his measuring-rod, and then goes on to say that 'love' also includes apartheid, whether the black man concurs or not. His 'religion' also includes 'freedom', but the individual is free only insofar as he is subject to the will of the government. Everyone is independent as long as his attitude accords with the will of the government or the policy of the government. Freedom is accorded to the Church as long as it agrees with the Government in policy and practice. The heart of the matter is ultimately not whether such government acts *rightly or wrongly, well or ill*, but whether its policy *succeeds or not*. Is this not what is happening in South Africa to-day?

A fascist and totalitarian government is not basically hindered by a democratic system. Even if the majority of the people elect the government in a democratic manner—and this is *not* the case in South Africa—the government so returned to power may reveal traits of fascism and totalitarianism during its term of office.

THE POLITICAL TASK OF THE CHURCH

What is the task of the Church in such a situation? Christ is the Lord of man's whole life, including his political life and the Church—the fellowship of the faithful—is therefore fully involved in politics. (Col. 1:16-18; Eph. 1:10).

Many people in South Africa would say that it is not the task of the Church or of Christians to meddle in politics in such a way. But it can be proved from the Gospels, from theology and from history that it is very much the task of the Christian and of the Church. Paul Knitter e.g. said that 'a Theology which is not 'political' i.e. which has no standpoint, either positive or negative, in relation to current socio-political reality, fails to attain its real purpose.' (Translated from Evangelische Theologie, März-April, '73, "Theologie und Ideologie")

Suffice it here in the first place to quote certain hypotheses put forward by Professor Hennie Rossouw at the Youth Congress of the Cape National Party at Oudtshoorn.

"There are people who say that in principle the Christian religion has nothing to do with political practice, because politics is concerned with the public and temporal life, whereas religion is concerned with inner salvation and the life eternal.

uiterlik, privaat en publiek of tussen godsdiens en politiek gemaak word nie.

Daarby is die erkenning van Gods heerskappy deur die Christelike geloof 'n erkenning van Sy heerskappy oor die totale lewe van die mens in al sy uitinge. Ware godsvrug moet gesoek word in diens van Gods Koninkryk op alle lewensterreine.

In die goddelike heil waarvan die Bybel getuig, gaan dit om herskepping, dit wil sê om 'n volledige vernuwing van die mens en van sy wêreld deur 'n oorwinning oor die kwaad. Dit is daarom op sigself al 'n uitdaging vir die Christen om sy Christelike geloof só te beoefen dat die tersakenheid daarvan vir alle domeine van die daaglikse praktyk en dus ook vir dié van die politiek uit konkrete dade sal blyk.

Die handeling waartoe die gebod van die naasteliefde ons uitnooi, is daarby *nie alleen maar 'n kwessie van diensbetoon of van hulp in nood nie. Die gebod van die naasteliefde stel ons ook verantwoordelik vir die sorg om en die behartiging van ons naaste se reg op 'n menswaardige bestaan.* So 'n behartiging is 'n publieke saak en nie 'n kwessie van innerlike gevoel nie" (Die Burger, 18.9.73, kursivering bygevoeg).

Ten slotte moet opgemerk word dat daar veel spanninge en probleme in S.A. as gevolg van die apartheidsbeleid ontstaan het. Die regering maak al meer en meer van „kragdadigheid", wat fascistiese trekke openbaar, gebruik om sy beleid te handhaaf. Die één antwoord is egter nie Fascisme, totalitarisme of kragdadigheid nie, maar 'n terugkeer na die evangelie van Jesus Christus, ook in die politiek. Alle stelsels, ook die demokrasie, moet altyd onder die finale heerskappy van die evangelie van Jesus Christus gestel word.



AWARENESS

Gone are the sweet days of my ignorance,
the lullaby of unknowing
soft as the dove-song in Cape trees
telling of peace, peace ...
Gone is the peace of my innocence,
my joy in the land,
wrapped like a cloak about me
gentle as spring.

Now I see hell's images
in the dust red sky.
Now my cloak is rough and hurting,
drawing blood.
Now I hear a different song,
a bitter one;
and the shadows of millions of faces
darken my vision.

—Joan Kirchhoff

Such a concept makes religion an introverted mechanism for salvation without any social or political implications or consequences. It makes of political practice a purely secular matter completely divorced from man's relation to God.

Such a concept must be combatted since man is a unity and no water-tight division can be made between the inner and the outer, between the private and the public, or between the religious and the political.

More than this, the recognition of God's dominion through the Christian religion is a recognition of his dominion over the whole human life in all its expressions. True devotion must be sought in the service of God's Kingdom in all spheres of life.

In the Kingdom of Heaven of which the Bible tells us, this goes hand in hand with 'conversion', i.e. with a total 're-creation' of man and his world through the overcoming of evil. It is therefore in itself a challenge to the Christian so to practice his Christian belief that its relevance in all spheres of daily living (and thus also for those engaged in politics) should become apparent in concrete action.

The action to which the commandment to love one's neighbour invites us is thus *not merely a question of rendering service or help in time of need. The commandment to love one's neighbour makes us responsible also for their care and the furthering of their rights to an existence worthy of a human being.* The carrying out of this commandment thus becomes a public matter and not merely a question of inner feeling." (Die Burger, 18.9.73. The italics are ours).

In conclusion, it must be remarked that many tensions and problems have arisen in South Africa as a result of the apartheid policy. The government pursues 'kragdadigheid' with ever more vigour, thereby revealing the fascist characteristics employed in maintaining its policy. The one and only answer is however, not fascism, totalitarianism or 'kragdadigheid', but a return to the gospel of Jesus Christ—and this also in the realm of politics. All systems, including the democratic system, must ultimately be surrendered to the dominion of the Gospel of Jesus Christ.



LIGHT IN DARKNESS

Sing and rejoice, ye children of the Day and of the Light,
for the Lord is at work in this thick night of Darkness
that he may be felt:
and Truth doth flourish as the rose,
and the lilies do grow among the thorns,
and the plants atop of the hills,
and upon them the lambs do skip and play.
And never heed the tempests nor the storms, floods
nor rains,
for the Seed of Christ is over all and doth reign.

—George Fox
(The Quaker 1663, during a time
of great persecution)

'N HERWAARDERING VAN ONS MORAAAL

* RASSEVOORoorDEEL EN ,GEMENGDE' HUWELIKE I

* *Ter gedagtenis aan Jannetje Kemp van de Caab, waarskynlik van gemengde afkoms, stammoeder van 'n dik tak van die Krugerfamilie in Suid-Afrika (Heese).*



In Suid-Afrika is alle seksuele kontak oor die rasse-grens wat "blank" van "nie-blank" sou skei, taboe—só sterk dat dit selfs 'n kriminele oortreding gemaak is. Buite-egtelike seksuele kontak is volgens die Ontugwet strafbaar met gevangenisstraf van hoogstens sewe jaar. Gemengde huwelike word deur die staat as nietig en ongeldig verklaar, en val bowendien onder die oordeel van die Ontugwet.

Hierdie opstel is ewenwel nie in die eerste plek 'n aanval op die formele wetgewing nie, maar 'n oorgewing van ons *blanke groeps-moraliteit* waarvan die wetgewing net die buitekant is. Onder die harde, lomp skulp van die wette en institute lê die *gees* verskuil, sku vir aanraking. Dàar moet ons probeer indring, begrypend én krities.

U, die blanke, Afrikaanse Christen, word genooi om die probleem uit vier gesigshoeke te bekyk: eerstens verkry ons 'n kort oorsig oor die *ontkieming* en die *groei* van hierdie verset van ons; tweedens let ons op 'n belangrike, nl. die *natuurlike* aspek van die probleem, waarin ons die gewig van die groothede "ras" en "seksualiteit" bepaal op die skaal van die Christelike lewensbeskouing; derdens gaan dit om die *institusionele* aspek, d.w.s. die struktuur of vorm van die huwelik; vierdens benader ons die *politieke* aspek, en kyk na die roeping van die staat in hierdie verband.

I

DIE AANLEERPROSES TEEN VERMENGING

Albei hierdie wette hang, soos oorryp vye, aan die knoetsige boom van ons *geskiedenis*.

In die vroeë Kaap was twee praktyke langs mekaar in swang: grootskaalse promiskuiteit tussen blankes, slawe en inboorlinge het voorgekom—én vele verbin-tisse van lewenslange trou (dus huwelike) is deur wit en gekleurde Christene aangegaan. Die eerste praktyk is in die sewentiende eeu al onderken vir wat dit was, nl. 'n verkragting van die Christelike moraal. Die komponent "ras" was toe niks meer nie as bloot die toe-vallige skilletjie van die eintlike sonde, nl. *seksuele eksploitasie* van 'n ander mens. Daar lê 'n enorme geestelike afstand tussen die aanvanklike argelose om-gang met die verskynsel "ras", en die dwang-voorstelling wat later daaruit geword het. Want ons norm wat seksuele kontak tussen "wit" en "nie-wit" ver-werp, sien "rasse-vermenging", "bloedvermenging", as die groot sonde. *Die historiese motief agter die Ontug-wet en die Wet teen gemengde huwelike is die oor-tuiging dat die rasse-suiwerheid van die witman teen*

Kobus Kruger



Dr. Kobus Kruger is 'n lektor by die universiteit van Suid-Afrika en 'n leraar van die Ned. Geref. Kerk.

elke prys bewaar moet word. Alle ander argumente is bykomstig.

Die groot vraag is: was hierdie historiese ontwikkeling van ons onvermydelik, of was dit toevallig? Kón dit ook anders verloop het en—belangriker—kán dit weer 'n wending neem? Met die eerste oogopslag lyk die vooroordeel ongetwyfeld onkeerbaar. 'n Onlangse meningspeiling deur Alant onder 'n groep blanke lidmate van die Ned. Geref. Kerk in die middestad van Pretoria bring aan die lig dat 56% van hierdie Afrikaanse stedelinge gemengde huwelike (gestel dat dit wettig sou wees) as "sonde" beskou terwyl slegs 48% van mening is dat dit "sonde" is om teen die sending te wees!

Sommige geleerdes het gemeen dat hulle onder die skulp van die geïnstitusionele verset die slak van onbewuste, instinktiewe smagting en weersin bespeur het. Ons wetgewing sou byvoorbeeld die kristallisering wees van 'n heimlike, jaloerse vrees vir die magtiger seksuele vryheid en potensie van die swartman. Nou, afgesien van die immanente psigologiese kritiek wat op so 'n teorie uitgebring kan word, moet ons uit teologiese gesigspunt op die gevaarlike moontlikheid wys

dat rassevooroordeel op dié wyse met 'n valse mistiek omring kán word, en verhef kán word tot die status van 'n soort onaantasbare gegewenheid. Dit kan vir 'n onontkombare lot aangesien word. Inderdaad sien ons om ons in Suid-Afrika so 'n aanvaarding, soms in die vorm van 'n lydelike berusting in die onvermydelikheid van rasse-vooroordeel, soms in die vorm van 'n baie aktiewe, selfs 'n religieusgekleurde soort geloofsgehoorsaamheid daaraan.

Die Christelike geloof ontnugter ons van sulke mitologieë. Dit maak ons vry om aan die werklike gebod van God gehoorsaam te wees.

In elk geval is dit waarskynlik nader aan die waarheid om hierdie groepsnorm van die blanke te sien as die resultaat van 'n lang aanleer-proses, hoe "natuurlik" of "ingebore" dit vandag ook al vir ons mag lyk. Van die begin af het die blankes die gekleurdes sosiaal onder hulle gehad as ekonomiese en politieke ondergeskiktes: as slawe (alhoewel baie Oosterse slawe kultureel veel hoër gestaan het as die base); as onbeskaafde inboorlinge (Hottentotte); en, later, as gevreesde vyand (Bantoe). Verskillende in kultuur, maar veral elementêre materiële belangebotsings het mettertyd al sterker die vorming van 'n etnosentriese blanke groepsbesef tot gevolg gehad. Die witterige kleur het die simbool geword van die totaliteit van die goedere van hierdie groep, en dit volg van self dat seksuele omgang met die meer donkeres (met die voorsienbare gevolg van biologiese vermenging) die simbool geword het van die totale ondergang van die groep: polities, ekonomies en geestelik. Enige redelike mens sal ook toegee dat die vorming van so 'n sterk groepsnorm teen bloedvermenging nie onbegryplik is nie—nie as ons daaraan dink dat die blankes hulself hoe later hoe meer as *bedreigde minderheidsgroep* gesien het nie. Die dwang tot konformisme aan die groepsnorm sou in so 'n verdediging-situasie uiteraard baie sterk wees.

Ander vrese kon ook 'n rol gespeel het, bv. die oortuiging dat die donkerder mense met hul vermeende seksuele losbandigheid 'n *versoeking* (dit is 'n baie *aanloklike* moontlikheid tot *sonde*, dus 'n ambivalente verhouding) vir die blankes vorm wat weerstaan moes word. Seks het in elk geval die poort in die lewe van die volk geword wat gesluit gehou moes word. Dit is nog steeds die gevoel van die meeste blanke Afrikaners.

As ons hierdie tradisie sien as die gevolg van 'n bepaalde opvoedingsproses (waarin ook teologiese opvattinge hul rol gespeel het), kom die ruimte vry vir 'n deeglike heroorweging daarvan. Wat aangeleer is, kan afgeleer of anders geleer word. Sosiale norme en tradisies is belangrik. Sonder so 'n raamwerk kan geen gemeenskap en geen enkeling bestaan nie. Hulle is ewenwel nie net daar om oorgelewer te word nie, maar om telkens opnuut gelegitimeer te word. Die vraag of 'n norm werklik geldig is en nie net in feite geldend nie, moet ook deur die teologie gestel word. Dit hoort tot sy taak om, as dit moet, onwaardige tradisies te help sloop en nuwe, beter tradisies te help bou.

"RASSE" IS NIE 'N ONAANTASBARE INSTELLING NIE

Kom ons begin ons waardering van die morele waardigheid van ons norm deur die strukturele betekenis van die verskynsels "*ras*" en "*seksualiteit*" vas te stel.

Die verbod op rasse-vermenging stam, sover dit sy ideologiese motivering betref, in 'n groot mate uit 'n oortuiging wat tot kort gelede toe nog algemeen in die Afrikaanse volksdenke en teologie geheers het, dat "*rasse*" *onaantasbare instelling van die Skepper is*.

Agter hierdie oortuiging sit ten dele 'n nuwe denkproses wat die bestaande sosiale verhoudinge en wanverhoudinge in Suid-Afrika en die toevallige, veranderlike verskille tussen groepe, tot in die ewigheid toe wou weerkaats.

Daarby het gekom die poging om hierdie oortuiging *Bybels* te sementeer met behulp van misverstande van die Bybel. As voorbeeld kan ons dink aan die feitlik al uitgesterwe beroep op Gen. 1 se formule "volgens hulle soorte", waarmee soms probeer is om die denkbeeld waar te maak dat God die mense oorspronklik en finaal in rasse opgesplits het.

Hierdie oortuiging het ook wortels gehad in die denke van die groot Nederlandse teoloog, *Abraham Kuyper*, wat op sy beurt weer 'n indrukwekkende verteenwoordiger was van 'n groot streek van die negentiende eeuse kulturele landskap in Europa. Dink veral aan die rol wat die Romantiese organisme-gedagte, o.a. met sy verering van die histories-gegroeide nasionale veelheid in die wêreld, by Kuyper gespeel het. Dikwels word kortasemige vergelykings tussen die Afrikaanse teologie en die Duitse teologie van voor die Tweede Wêreldoorlog getref, dit is waar. Tog moet ons toegee dat daar sonder twyfel 'n familie-verwantskap bestaan tussen die neo-Kuyperiaanse volks- en rasseteologie wat in 'n beslissende periode van ons teologiese geskiedenis baie invloedryk was, en sy neef, die *Duitse ordeningsteologie*. Laasgenoemde was deels verantwoordelik vir die ontstaan van die teologie (as 'n mens dit so mag noem) van die sg. Duitse Christene oftewel Nazis. Vir die ordeningsteologie, in sy Duitse en Afrikaanse gedaante, het alle bloedgemeenskappe soos ras of volk, 'n opperste ontologiese rang en daarmee saam 'n opperste etiese rang gehad. Dit was dus 'n verlenging van wat hierbo 'n nuwe denkproses genoem is. Dit is 'n gevaarlike verleiding wat altyd by ons is, om imposante verskynsels in ons wêreld van 'n stralekrans te voorsien. Hieruit kon 'n kultus ontwikkel wat bereid was om alles te offer op die altaar waarop die suiwer vlam van die rasse-trots moes brand. Sonder om hier 'n veralgemenende oordeel oor ons teologie of oor ons samelewing uit te spreek, wil ek vra: gloei hierdie spesifieke stuk wetgewing van ons nie in die na-gloed van so 'n offer nie?

A TASTE OF POWER

peter randall

What Spro-cas is all about—in black and white

"A Taste of Power", the final report of Spro-cas (Study Project on Christianity in Apartheid Society), written by Peter Randall was published today. The timing of the report may or may not be coincidental, but it rears the ironic twist that the Schlebusch Commission perhaps hardly needs him now.

Change

In fact, for any of the Schlebuschers it must become prescribed reading. Nor does one have to read between the lines. It's all there in black and white: what Spro-cas (and basically the Christian Institute) is all about. In quite understandable language, too.

Here (in Part Two of the report), with all the necessary references plus an appendix of documents, is a comprehensive summary of the history and work of Spro-cas, the forerunner of (it is hoped) a new dynamic "Programme for Social Change". While this is a quick guide to the background and a refresher for the forgetful, it is really the analysis in Part One of "A Taste of Power" that establishes the philosophy and aims of

Randall and the "new radicalism" of the Christian Institute.

It includes an incisive up-to-the-minute analysis of contemporary South Africa (as seen through the eyes of an anti-apartheid) and the need for change. It also discusses the forces at work in our country, the potentials for change and the various strategies for establishing a new society.

Randall has brought together the major conclusions and recommendations of previous Spro-cas reports, but he has extended these to relate to current trends—the emergence of Black Consciousness, White Consciousness and the "marginal" changes in Government policy—on the one hand, and the basic rigidity of the White Power philosophy on the other.

From the outset he spells out the theme and direction of the report. Its starting point is the urgent need for radical change to achieve a fundamental redistribution of power and wealth: to enable the country's Black majority to exercise an effective role in the decision-making process and gain a more equitable

Die *superioriteitsgevoel* van die blankes was in die eerste helfte van die twintigste eeu, toe ons moraliteit in wetgewing sy finale beslag begin kry het, vrywel wit gemeengoed, al het die Angel-Saksers, die Duitsers, ens. elk ook nog 'n ekstra graad van meerderwaardigheid aan hulself toegeken. Hierdie waan is ook deel van die wit Afrikaanse verlede, en steek agter ons norm uit.

Die mite van die onaantasbare ras was nie bestand teen die werklikheid wat na die Tweede Wêreldoorlog al duideliker geword het nie. Die mistieke bindingskrag van rasse-verwantskap het in die beleweniswêreld van die mens teruggetree ten gunste van ander, veral ekonomiese, sosiaal-integrerende kragte. Die mite was ook nie bestand teen die ontleedmes van die biologiese en sosiologiese rasse-navorsing wat die betreklikheid van alle rasse-verskille en die willekeurigheid van alle fiksering van rasse-verskille aan die lig gebring het. Die mite kan net probeer oorleef deur te vlug in die grot van die irrasionaliteit.

Die teologie het oral tot die ontdekking gekom dat die teorie waarin die verskynsel "ras" tot lewensbeskoulike hoofbegrip gepromoveer is, 'n tragiese misverstand was. Die leed van die Oorlog was die vrug wat die boom verraai het.

Die Bybel is die oorkonde waarin die Israelities-

Christelike insig in die diepste bestand van die werklikheid uitgedruk word, en daar staan "ras" op 'n verre rand van wat belangrik is. Die wesenlike eenheid van die mensheid word al in die eerste hoofstuk van Genesis vir altyd in die credo van die kerk opgeneem. In die Israelitiese verkondiging van die beginsel van alle natuurlike menslike saamwees, word alleenlik die *seksuele* onderskeid en verbondenheid uitgelig. Die seksuele band en die huweliksband is nie alleen sterker nie, maar kwalitatief van 'n hoër orde as enige rasseband. Hierdie oordeel is 'n onvervreembare element van die Bybelse waardestelsel in sy geheel. Die primaat van hierdie verhouding is openbaring, en ook ervaring. Die vrou in die Hooglied het uit die lewe gepraat: "... liefde is sterk soos die dood, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die Here" (Hooglied 8:6). Rasseverskille is nie teen die krag daarvan bestand nie. Elke poging om die menslike seksualiteit in eksklusiewe rasse-kanale te laat vloei, is 'n etiese kettery en ook hopeloos. Die walle kalwe altyd in.

Dit is natuurlik waar dat diegene onder ons wat ten gunste is van ons huidige norm, ook ander argumente bybring, maar as hierdie draadjie losgeryg is, hang die soom ver uit. (word vervolg)

(Hierdie artikel het oorspronklik in „Theologia Evangelica“ VI, 2 van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Suid-Afrika verskyn.)

share of wealth.

The whole approach to change is essentially pragmatic, and based on the harsh realities of the present. The report does not throw up the old Liberal cry of "one man one vote" as a panacea for immediate ills. On the contrary in present circumstances the slogan, as liberating as it would be for Blackdom politically, is regarded as unrealistic.

Change, if it is to come with a minimum of conflict, must come from within the system. White South Africa must realise before it is too late that they must share their political power. And also realise that this would, on its own, not be enough. They must recognise, and entrench, the rights of Black workers in trade unions; they must answer the need for equal educational opportunities and effective social security benefits and accept a radical re-allocation of land, wealth and income.

Initiative with blacks

These are the pre-conditions for meaningful change to the more socialistic egalitarian social order envisaged. And a relatively peaceful future.

The assumption in this is that Whites will have to somersault their attitudes and make concessions. But it is a major theme in Randall's report that it is Black initiative that will, from now on, provide the impetus for change. Through the roles of homeland leaders, the militancy of Saso and the Black Peoples' Convention, the growing ability of Black labour to organise itself, the movement towards Black solidarity ("Black" meaning all those not White) and the agitated responses of many Whites, Randall discerns the beginnings of a transference of power. It's here that he finds his title:

"Blacks have begun to have a taste of power and Whites are not going to be able indefinitely to prevent them from enjoying the full meal."

"Whites", he says, "will ignore at their peril the manifestations of Black consciousness ... there is in fact a cultural and intellectual ferment in the Black community, which is at least as important, both culturally and in terms of socio-political significance, as anything emanating from the White community."

Warning

"Whites will ignore at their peril" is a warning of long standing, but the danger increases the longer Whites insist on reinforcing their position of dominance to sustain the iniquities and the inequality of the system.

Randall and his colleagues, who live each day with the monsters of conflict, see them bigger than others. But creative though he might be, Randall does not conjure up the bogies. They are there, in the polarisation all around us, and the question the report poses is not whether South Africa can avoid conflict, but whether

she can avoid the BIG one.

The alternatives described are between manageable "localised structured conflict in limited sectors of our social life" and the ultimate danger of "open and unregulated conflict".

For the Christian Institute, Spro-cas, the new Radicals and for that matter, extra-parliamentary concern epitomised by Verligte Aksie, the first choice is preferable. Randall's report is built around it, and if there is any hope to be drawn from the skill in his sweeping analysis, it is the belief that change need not be violently revolutionary. Viable means for change are on offer, if only ...

Having summarised the social structure South Africans are harnessed to, Randall takes a critical look at the forces underwriting the system. Real change, he says, can only be based on an understanding of the processes at work which have secured the un-Christian system with its inequalities and maldistribution of wealth. The Church, the law, education, industry and government are geared to maintain White overlordship.

He says there is a basic consensus among Whites to hang on to their privilege and comfort, despite the "obscenity" of the enormous gap between rich and poor, the "fundamental evil" in things like migratory labour and our own caste-class system.

The aim of legislation is to "shore up the existing unequal order and to frustrate the evolution of a more just order". While the "rhetoric and the actions aimed at the goal of self-preservation are having catastrophic effects on White society, breeding values that are the antithesis of love, compassion and humanity".

Survival

On self-preservation (or the politics of survival, as some Nat apologists call apartheid), the report suggests that all the identity and cultural bit is a rationalisation for continued dominance and control. And the argument becomes a tautology when you realise that separation is not a pre-condition for the survival of "White Culture", but lies at the very heart of the culture itself.

Nevertheless the fear of Black swamping does exist. It's an "irrational, compelling fear" as described by the Spro-cas Social Commission, and the anxiety it raises is allayed to some extent by compulsive domination. Whites only feel safe when they are on top: a condition that engenders hostility and resentment among the dominated.

"In this sense the irrational identity-fear creates a situation where there are rational grounds for fear."

The White man is in the grip of his paranoia and the irony that Randall sees and expresses so clearly is that the White man has placed himself in a racial jail "in which he is spiritually and psychologically less free

an interview on:

THE SITUATION IN S.A.

Rev. Edward Mannikam, Indian Reformed Church

Q: Rev. Mannikam, many people believe that we are at a crucial stage in the history of South Africa as regards the future in the field of race and politics. What do you consider to be the task of the Church in the field of politics?

A: Words are not enough. The church must participate at every level—in actions and programmes which incarnate its convictions. Using what civil rights they have, all members of the church should contribute a significant portion of their time, skills and material resources to those social efforts which work for justice and reconciliation. Token gestures of charity are insufficient. In cases where Christians are called upon to oppose injustice, whether in church or society, we must remember that our love, if it reflects that of Christ, is for both the oppressor and the oppressed. Therefore, fighting against authority cannot for Christians be simply the defeat of an enemy. It can only be a preparation for a new shape of justice in which *all* will share. And therefore I say, there is no one Christian strategy.



than those whom he seeks to dominate”.

So “A Taste of Power” is as much an argument for White liberation as it is for Black advancement. It is a call to take up White Consciousness, come to terms with the fact of being White, with all its privileges, shed the guilt feelings and ineffectual gloom, realise that injustice and oppression damages EVERYONE and do something about radical change. It is offered as the uplifting, and Christian, way out.

Christian Love

Despite the academic earnestness of the report, there is an enthusiasm for change and a feel for words that lifts his work to the readable. This is not yet another anti-apartheid piece trotted out all esoteric and wrapped in high-flown gobbledygook. But that doesn't mean to say it will be popular, for in its honesty it demolishes the apartheid system to reconstruct a foundation for a new society anathema to most Whites.

At its base, Randall places “Christian love”. It is not a sentimental notion, but a concept that must resist “all that humiliates man, all that restricts his freedom, all that oppresses and exploits him, and all that alienates him from his fellows”.

The argument goes further than a Gospel-like con-

cern for the individual and his alleviation from social suffering. To this must be added the insights of sociology, economics and political science and the shaping forces of our society.

“It would be plainly irresponsible today”, he says, “if we still confined our concern to providing relief for the individual rather than changing those forces and structures which cause deprivation and suffering.”

This means getting to the grass roots and facing all the implications of change. Whites must get involved, if they want the new society, and Blacks must hold on to their developing initiative to wrest, as one man Randall quotes, has said “control of every (separatist) organisation and institution within reach”.

The point is, the opportunity for change is there to pluck. But the question remains, will South Africa stretch a hand to take it?

* “A Taste of Power”, by Peter Randall, Director of Spro-cas, available from Spro-cas, Box 31134, Braamfontein, Transvaal, and leading bookseller, price R2,50.



(An extract of an article by Marshall Lee in the Rand Daily Mail, 19.9.73)

There are situations in which we are called to be prophetic signposts pointing unflinchingly to the judgment and truth of Almighty God regardless of whether or not the world heeds our calls. Yet the stance must be taken in deep humility, recognising that we are always a part of the evil we condemn. At other times we must seek relative justice, political persuasion and the agony of compromise but we must never lose sight of the radical demands of God's Kingdom which can never be subordinated to the powers and principalities of this world. The compassion of Jesus Christ may also lead us to a ministry of healing and comforting the afflicted but this can be no substitute for attacking the root causes of the suffering endured.

If we sincerely seek to be agents of God's reconciliation, our churches must earnestly and actively seek dialogue on all levels and on matters of disagreement, whether these be social, spiritual, theological, political, etc. We must be prepared to accept criticism and mend our ways in the light of God's judgment. We cannot be in fellowship with one another without challenging and correcting one another even to the point of disagreeing with one another for Christ's sake.

Problems for Black People

Q: You have just mentioned that part of the church's responsibility is to witness and to work for justice. In South Africa many people feel that there is a great deal of injustice. In which fields are most of your problems?

A: We have to be honest with one another. Let us not pretend that we are just honeymooning with one another in South Africa. There are vexing problems in this country and let us be honest that even ministers, important ministers of state, have stated clearly, over and over again, that we have to get together to solve these problems. What are these problems? How do I as a black man see these problems. Firstly, you know the problem of petty apartheid. I find petty apartheid dehumanising. When I walk into a building and I see a sign "For non-whites and Goods only", have I been relegated to the substance called materials? A man that has been created in the image of God, equal in the eyes of God, has now become a non-existent substance. Maybe some people do not see this because they are not affected. Wherever I go in the country, I see these signs "White" and "Non-White". I have now become "non" and I do not want to go into the details of the definition of "non".

South Africa teaches me separate development. It says that each of the four cultural and racial

groups must develop separately. Is the meaning of separate development 80% separateness and 20% development? If I walk into a post-office, why do they lump me together with the other two black racial groups? It clearly shows me that the white people feel that they are superior to all the other people in South Africa. If they were honest in their separate development then there should be signs "For Indians Only", "For Coloureds Only", "For Blacks Only" and "For Whites Only". This to me would be honest separate development. Not that I am advocating this type of separateness.

When I travel by train even the coaches say "Whites" and "Non-Whites" and all the non-whites are dumped together. Why do they not have a separate Indian coach, Coloured coach, Bantu coach and White coach? You see, these are the problems. I want you to understand very clearly that I am not advocating such a type of separateness, but if they want separateness in South Africa, this is the type of separateness that must be practised. Then they will be honest, consistent and logical. If I go into an aeroplane, immediately my ticket relegates me to the rear where the engines are sounding. Well thank God, from the safety point of view, if the plane crashes, I've got a 99% chance that I will live. But they are not giving me the seat because of safety measures, they are giving me the seat because of inferiority, based on colour again. I do not want to bother you with more and more of these problems. Everyone knows that there are problems.

